

Donderdag 13 April

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Jeremia 31:33, 34

Die kruis is weerligafleier op die dak van die wêreld

Tydens die laaste paasfees volgens die Ou Testament het Jesus een van die sakramente van die Nuwe Testament ingestel. Dit word *nagmaal* genoem omdat Jesus en sy dissipels dit met die aand(nag, vs 20)maaltyd verbind het; dit is die *gemeenskapsmaal* omdat daardeur 'n gemeenskapsband met God en ander gelowiges is.

Dit is 'n *gedenkmaal*. Gelowiges gedenk Jesus se lyding en dood simbolies wanneer die brood geëet en die wyn gedrink word. Dit is ook 'n *danksegging* omdat God daardeur gedank word vir die versoeningswerk wat Jesus Christus gedoen het, en vir die wonderlike genade wat Hy aan sondaars op hierdie ondermaanse aarde bewys.

Die kruis van Jesus is 'n "*weerligafleier op die dak van die wêreld*" (AA van Ruler, Nederlandse teoloog). Nou kan aan alle mense van die wêreld, aan alle nasies en volke in alle tale verkondig word dat deur die geloof in Jesus Christus sondaars vir God aanneemlik is (Rom. 3:21-24). Die toorn van God oor die sonde is afgeweer! In Jeremia 31:31 is daar sprake van 'n *nuwe ver-bond*. Hierdie nuwe verbond word nou aangegaan deur die dood en die opstanding van Jesus as 'n volkome offer van God. Almal wat in Hom glo, ontvang daardie vergewing van sondes (vgl. Matt. 26:28). Dit is 'n verseke-ring.

"Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here. Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees" (Jer. 31:33).

Sing: Psalm 105:5 (1936)

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)